# MIDSTREAM COLLEGE

**Omsendskrywe 4/2024**
**7 Maart 2024**

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR



Ek het die volgende aanhaling van Vince Lombardi presies twee jaar gelede na ons wegholoorwinning van die B-bondatletiek gebruik. Dit is in 2024, na ons uiters suksesvolle somersportseisoen, net so geldig.

The spirit, the will to win and the will to excel – these are the things that endure and these are the qualities that are so much more important than any of the events that occasion them.

Vince Lombardi

Die wil om te wen en ons strewe na uitnemendheid was opnuut in die kollig tydens ons interhoëratletiek op Vrydag 23 Februarie. 'n Woord van dank aan al ons afrigters en atlete vir al hul opofferinge, harde werk en oefeninge gedurende die laaste klompie maande. Ons skitter prestasie op die dag is 'n getuigskrif van hulle toewyding. Meer detail rondom die interhoëuitslae is later in die nuusbrief en ook op ons webblad beskikbaar. Ek wil ook graag ons dirigente en elke leerder wat die heeldag die hitte trotseer het, gelukwens. Julle was ware ambassadeurs vir die College.

Graag nooi ek julle almal uit na ons eerste wintersportderby die naweek by Cornwall Hill College. Die volgende naweek, voor die skool sluit, is ons derby tuis teen Randburg. Alle aanduidings is daar dat ons eerste netbalspan reg is vir 'n groot seisoen. Dankie aan al die leerders wat by die onderskeie sportdissiplines aangemeld het, geniet julle onderskeie seisoene. Die opvoedkundige waarde van sport kan nooit gering geag word nie.




Laastens wil ek julle graag aanmoedig om enige voornemende ouers, vriende en familie aan te moedig om ons opedag op Woensdag 13 Maart by te woon. Aansoeke vir 2025 sluit reeds op 26 April. Ons strewe daarna om 'n gesonde balans tussen onderrig en opvoeding, asook sport en sports 😊 te handhaaf. Die College is trots op ons personeelkorps, leerders, die beeld wat hulle uitdra en die dissipline wat ons handhaaf. Carpe Diem – gryp hierdie geleentheid aan.

Vasbyt, dit is minder as twee weke voor die welverdiende Paasvakansie.

# KULTUUR

## REDENAARS – SPRAAK- EN DRAMAFEES

Ons graad 9's en 10's het vir die eerste keer aan die Johannesburgse Spraak- en Dramafees deelgeneem. Die spanne het die volgende uitslae ontvang:

| Graad 9 – B+ | Graad 10 – A+ |
|---|---|
| Adam Marincowitz<br>Anri Janse van Rensburg<br>Caitlin Arendse<br>Lisa Strauss | Kashvi Chathury<br>Megan le Roux<br>Sakhile Sibiya<br>Lené Liebenberg |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

### MUSIEK

Celeste Marx het haar graad 3-ABRSM-klaviereksamen geslaag.

# SPORT

## ATLETIEK

Die A-bondinterhoër by Pilditch twee weke gelede was inderdaad 'n hoogtepunt.

| Plek | Spantotale | Span |
|---|---|---|
| 1 | 2597.5 | Menlopark |
| 2 | 2254.5 | Waterkloof |
| 3 | 2171 | Zwartkop |
| 4 | 1878 | Midstream College |
| 5 | 1877 | Montana |
| 6 | 1871.5 | Garsfontein |
| 7 | 1540.5 | Oos-Moot |
| 8 | 1366.5 | AHS |
| 9 | 1259.5 | AHMS |

| Spantrofeë |
|---|
| Beste Seunspan: Naellope |
| Beste Meisiespan: Persentasie* |
| Beste Algehele span: Persentasie* |

*Die persentasietrofeë neem die aantal leerders in die skool in ag en Midstream College, wat by verre die minste leerders van al hierdie skole het, wen derhalwe beide bogenoemde trofeë.

Individuele prestasies (ASA-tabel bo 800):

| A-bondinterhoër | | | |
|---|---|---|---|
| **Atleet** | **Afdeling** | **Item** | **ASA-punt** |
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 100 m | 873 |
| | | 200 m | 856 |
| Aquina de Vries | Meisies 14 | 100 m | 805 |
| | | 200 m | 843 |
| Lené Greyling | Meisies 14 | 400 m | 806 |
| | | 90 m-hekkies | 968 |
| | | 300 m-hekkies | 864 |
| Azariah Madumo | Meisies 14 | 800 m | 854 |
| | | 3 000 m | 804 |
| Amy Nel | Meisies 15 | Diskus | 866 |
| Aphelele Mbatsha | Meisies 15 | 100 m | 828 |
| | | 200 m | 880 |
| Elle Gouws | Meisies 15 | 400 m | 818 |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 800 m | 856 |
| | | 1 500 m | 805 |
| | | 3 000 m | 858 |
| Caitlin Arendse | Meisies 15 | 3 000 m | 806 |
| Zack Reddy | Seuns 16 | 400 m | 828 |
| Christelle Struwig | Meisies 17 | 400 m | 808 |
| Neil de Vleeschauwer | Seuns 17 | Diskus | 831 |
| Sandile Mtilene | Seuns 17 | 200 m | 852 |
| CA Froneman | Seuns 17 | 110 m-hekkies | 844 |
| | | 400 m-hekkies | 831 |
| Lente Groenewald | Meisies 17 | 800 m | 811 |
| Déan Fourie | Seuns 17 | 1 500 m | 847 |
| Cristi van der Walt | Meisies 17 | 400 m-hekkies | 819 |
| Lea Manikas | Meisies 19 | 200 m | 848 |
| Danielle Rossouw | Meisies 19 | 800 m | 818 |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m-hekkies | 830 |
| | | 400 m-hekkies | 861 |
| Juan Breytenbach | Seuns 19 | 1 500 m | 823 |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 1 500 m | 906 |
| | | 3 000 m | 871 |

Midstream het 35 medaljes (8 goud, 13 silwer en 14 brons) teenoor die 28 in 2023 verower.

Die volgende atlete het medaljes verower:

| Atleet | Afdeling | Item | Medalje |
|---|---|---|---|
| Kwena Mojapelo | Seuns 14 | 100 m | Goud |
| | | 200 m | Goud |
| Aquina de Vries | Meisies 14 | 100 m | Brons |
| | | 200 m | Silwer |
| Lené Greyling | Meisies 14 | 90 m-hekkies | Brons |
| | | 300 m-hekkies | Silwer |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Matthieu du Venage | Seuns 14 | 400 m | Brons |
| Kwena Mojapelo, Matthieu du Venage, Rikus Holtzhausen, Dejan Jankovic | Seuns 14 | Aflos | Silwer |
| Azariah Madumo | Meisies 14 | 800 m | Silwer |
| Amy Nel | Meisies 15 | Diskus | Silwer |
| Aphelele Mbatsha | Meisies 15 | 100 m | Silwer |
| Omogolo Mauoane | Seuns 15 | 300 m-hekkies | Brons |
| Ethan Mahlangu | Seuns 15 | 100 m | Silwer |
| | | 200 m | Silwer |
| Ethan Mahlangu, Trent Sewpaul, Malik Gxolo, O'neile Nyoni | Seuns 15 | Aflos | Goud |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 800 m | Brons |
| Elle Gouws | Meisies 16 | 400 m | Brons |
| Zack Reddy | Seuns 16 | 200 m | Brons |
| | | 400 m | Silwer |
| Estiaan Scheepers | Seuns 16 | 400 m-hekkies | Silwer |
| Sandile Mtilene | Seuns 17 | 100 m | Silwer |
| | | 200 m | Goud |
| | | 400 m | Goud |
| Renate Maré | Meisies 17 | Verspring | Brons |
| CA Froneman | Seuns 17 | 110 m-hekkies | Brons |
| | | 400 m-hekkies | Goud |
| | | Verspring | Brons |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m | Brons |
| Luca Jankovic | Seuns 19 | Verspring | Silwer |
| Lea Manikas | Meisies 19 | 200 m | Brons |
| | | Driesprong | Brons |
| Anika le Roux, Lea Manikas, Simoné Els, Karla Alberts | Meisies 19 | Aflos | Brons |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 800 m | Goud |
| | | 1 500 m | Goud |
| | | 3 000 m | Silwer |

Baie dankie aan elke atleet, toeskouer, personeellid en ouer wat hierdie geskiedkundige prestasie moontlik gemaak het.

Die distrikskampioenskap (D4) het verlede week te Eldoraigne plaasgevind. 12 atlete is in die Tshwane-Suid-atletiekspan ingesluit wat die afgelope naweek aan die Gauteng-kampioenskap te Germiston deelgeneem het.

Drie van ons atlete is as Gauteng-kampioene gekroon:

- Carmia van den Berg 1 500 m-hindernis
- Déan Fourie 2 000 m-hindernis
- Xavier van der Leek 800 m & 1 500 m

Individuele prestasies (ASA-tabel bo 800):

| Gauteng-kampioenskap | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Atleet** | **Afdeling** | **Item** | **ASA-punt** | **Plek in finaal** |
| Azariah Madumo | Meisies 14 | 800 m | 859 | 4 |
| Carmia van den Berg | Meisies 15 | 1 500 m-hindernis | 863 | 1 |
| Amy Nel | Meisies 15 | Diskus | 860 | 4 |
| Lente Groenewald | Meisies 17 | 800 m | 837 | 6 |
| Jané Male | Meisies 17 | 2 000 m-hindernis | 824 | 5 |
| Déan Fourie | Seuns 17 | 2 000 m-hindernis | 881 | 1 |
| Lea Manikas | Meisies 19 | 200 m | 805 | 5 |
| Anika le Roux | Meisies 19 | 100 m-hekkies | 854 | 2 |
| Xavier van der Leek | Seuns 19 | 1 500 m | 949 | 1 |

Carmia, Déan, Anika en Xavier is ook in die Gauteng-span ingesluit wat in April aan die SA Skole-kampioenskap in die Paarl gaan deelneem. 29 atlete neem eerskomende naweek aan die AGN-kampioenskap by Pilditch deel. Baie sterkte aan hierdie atlete.

## SWEM

Sterkte aan al ons swemmers wat volgende week aan die Suid-Afrikaanse Juniorkampioenskap in Durban deelneem.

## KRIEKET

Die laaste uitslae vir die somerseisoen:

| | | |
|---|---|---|
| **1ste** | | |
| Zwartkop (T20) | Zwartkop 132/8<br>Midstream 122/7<br>Verloor met 10 lopies | Jeanré Lourens 37<br>Christian Olwagen 1/14 in 4 beurte |
| **2de** | | |
| PBHS 3 | Midstream 98/10<br>PBHS 99/6<br>Verloor met 4 paaltjies | Conré van den Berg 39<br>Schalk Langenhoven 2/31 in 3 beurte |
| **3de** | | |
| PBHS 5 | Midstream 80/10<br>PBHS 82/7<br>Verloor met 3 paaltjies | Gustav Terblanché 3/17 in 2 beurte |
| **o. 15B** | | |
| Zwartkop | Zwartkop 76<br>Midstream 31/0<br>Geen uitslag | Hayden Davy 4/23 in 4 beurte |
| **o. 14B** | | |
| Montana | Montana 136/5<br>Midstream 83<br>Verloor met 53 lopies | Ruwan Pretorius 7/2 in 4 beurte<br>Etjan Genis 16<br>Caydin Venter 15 |

## MUURBAL

Die uitslae van die derde ligabepalings was:

| Span | Opponent | Uitslag |
|---|---|---|
| Seuns B1 | Midstream B2 | 14 –7 |
| Seuns C | Waterkloof | 16 – 0 |
| Seuns D1 | Zwartkop | 12 – 7 |
| Seuns D2 | Eldoraigne | 12 – 3 |
| Seuns E | Menlopark | 14 – 5 |
| Meisies A | Menlopark | 11 – 6 |
| Meisies C | St Mary's DSG | 7 – 10 |

14 spelers het verlede naweek aan die Bloemfontein Ope deelgeneem. Hulle het teen die beste spelers in Suid-Afrika, Botswana en Namibië gespeel.

Die uitslae is as volg:

| Ouderdom | Speler | Plek |
|---|---|---|
| Seuns 19A | CA Froneman | 21 |
| Meisies 19A | Elzandri Janse van Rensburg | 7 |
| Meisies 19A | Namratha Eswari Niranjan | 27 |
| Meisies 19B | Cassey Kemp | 9 |
| Seuns 16A | Aurick Sheosunker | 15 |
| Meisies 16A | Anushka Janse van Rensburg | 9 |
| Meisies 16A | Sarah de Villiers | 14 |
| Meisies 16A | Amelia Lubbe | 24 |
| Meisies 16A | Kathleen de Kock | 31 |
| Meisies 16B | Kaleigh Reddy | 7 |
| Seuns 14A | Mangaliso Mbatha | 10 |
| Seuns 14A | Evan Janse van Rensburg | 21 |
| Seuns 14A | Michael Basson | 24 |
| Seuns 14A | Innes Meyer | 25 |

## TENNIS

Die senior meisies se liga-uitslae is as volg:

| Span | Opponent | Uitslag |
|---|---|---|
| o. 19A | Waterkloof C | 62 – 5 |
| o. 19A | AHMP C | 37 – 30 |
| o. 19B | Monument A | 50 – 17 |
| o. 19C | Loreto Skinner A | 39 – 28 |

20 seuns en meisies het verlede naweek aan die Menlo Mixit Hoërskole gemengde dubbelspel-toernooi by Sun City deelgeneem. Beide die junior en senior spanne het vierde geëindig.

## RUITERSPORT

Verskeie van ons ruiters het die afgelope naweek goed presteer:

| SANESA Gauteng Ekurhuleni -Kwalifiseerder 2 | | |
|---|---|---|
| Ruiter | Dissipline | Plek |
| Louis Verhoef | Dressage Level: Medium Test 1 & 2 | 1 |
| Michelle du Preez | Performance Riding<br>Working Riding<br>Dressage | 2<br>1<br>4 |
| Mia Aitken | Prix Caprilli | 6 |
| Kiara Kok | Show jumping 80 cm Accumulator<br>Show jumping 80 cm Normal competition<br>Dressage Novice | 5<br>9<br>3 |
| Lenae van Zyl | Show jumping 80 cm Accumulator | 2 |
| Bailey Polomé | Show jumping 90 cm Accumulator | 4 |
| Cyllene van der Merwe | Working rider<br>Show jumping 70 cm Accumulator<br>Show jumping 70 cm Normal competition | 1<br>4<br>5 |
| Daniella de Vries | Show jumping 100 cm Accumulator | 4 |

## GHOLF

Die tweede span het Centurion 4 – 0 in die eerste rondte van die Voorsitterstrofee geklop.

## WINTERSPORT

Die wintersportproewe is afgehandel en ons sien uit na die eerste derby teen Cornwall Hill hierdie naweek.

Die netbal het die afgelope Saterdag, as finale proewe, aan die *Best of the West*-toernooi in Krugersdorp deelgeneem. Die uitslae is as volg:

| | o. 14 | | o. 15 | | o. 16 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ronde | Opponent | Uitslag | Opponent | Uitslag | Opponent | Uitslag |
| 1 | Alberton | 17 – 6 | KHS | 12 – 2 | Curro | 19 – 4 |
| 2 | Crawford | 16 – 11 | Hugenote | 14 – 4 | Greenside | 16 – 0 |
| 3 | Potch Girls High | 17 – 2 | Crawford | 21 – 1 | KHS | 4 – 9 |
| 4 | Edenvale | 11 – 12 | Randburg | 7 – 15 | Randburg | 4 – 15 |
| 5 | Waterstone | 24 – 1 | Pretoria-Wes | 23 – 3 | Alberton | 7 – 4 |

| | o. 17 | | o. 18 | |
|---|---|---|---|---|
| Ronde | Opponent | Uitslag | Opponent | Uitslag |
| 1 | Alberton | 7 – 4 | Hugenote | 21 – 11 |
| 2 | KHS | 4 – 9 | Curro | 34 – 5 |
| 3 | Greenside | 19 – 5 | Norkem Park | 21 – 8 |
| 4 | Waterstone | 22 – 2 | Crawford | 31 – 4 |
| 5 | St. Peter's | 19 – 4 | Kingsmead | 15 – 7 |

### ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat uitblink in nie-skoolsportaktiwiteite. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die Hoof van Sport, mnr Henry Verster, te stuur (hverster@midstreamcollege.co.za).

### GHOLF

Ruben-hein Churr neem in Maart aan die Suid-Afrikaanse Junior internasionale kampioenskap en die Cobra/Puma Northern amateurkampioenskap deel.

### STOEI

Rohan du Plessis verteenwoordig SAWF volgende week by die Afrika-kampioenskap en die Olimpiese Spele Kwalifiseerder in Egipte.

### AKSIEKRIEKET

Shivanth Lalla is gekies om die Gauteng-Noord-krieket se o. 18-span in Julie by die interprovinsiale toernooi te verteenwoordig.

### VLIEGHENGEL

Marc van Rooyen verteenwoordig Suid-Afrika in Augustus by die FIPS Mouche Wêreldjeugkampioenskap in Tsjeggië.

### AKSIENETBAL

Lindi Stander verteenwoordig Gauteng-Noord by die interprovinsiale toernooi wat in Maart plaasvind.

## CLUBSTREAM

Clubstream is die amptelike ondersteunersklub vir die drie Midstream-skole en gaan oor die Midstream-familie. Dit bestaan uit ouers en oudleerders, uitgebreide familie, vriende en ondersteuners van Midstream.

Hulle beoog om:

- die kinders op 'n gekoördineerde en betekenisvolle manier by hul verskillende skoolaktiwiteite te ondersteun;
- om ‘n kultuur van ondersteuning by hulle te kweek deur die voorbeeld wat hulle stel;
- 'n kultuur van trots in hulle skool en skoolgemeenskap te vestig om 'n gemeenskaplike identiteit te skep en om ’n kultuur van omgee aan die buitewêreld te vertoon.

Volg hulle op sosiale media vir meer inligting oor opkomende geleenthede en uitslae (kliek op die QR-kode).

Kontak hulle alternatiewelik op info@clubstream.co.za of volg die skakel op die skool se webblad.

# ALGEMEEN

## SPRINGFEST 2024




**KOMMUNIKEER MET ONS:**

www.midstreamcollege.co.za
Midstream College
midstream_college

**VOLGENDE OMSENDSKRYWE:**

Woensdag 20 Maart 2024